Tema: Gesinne kan getuienis na buite lewer deur bloot verlore mense na God te wys en Hy sal hulle deur Christus red!

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 10-2
Votum
Seën
Loflied Sb 1-2: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1, interaktief

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing uit Rom. 13: 8 – 14
Sing Lied 334: 1, 2, 3, 4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 2 Konings 5: 1 - 15
Teks: 2 Konings 5: 2, 3 en 15
Woordverkondiging
Sing Lied 485: 2, 3 (Staande)

Sakramentbediening
Nagmaalsformulier van Calvyn
Sing Sb 17-3: 1, 2
Bediening
Sing aan tafel as lofverheffing en danksegging: Ps. 116-1: 7, 10
Gebed

Antwoorddiens
Liefdegawes
Gebed vir BnB (Bybelverspreiding)
Sing Lied 486: 1, 3, 4
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Wat ’n onuitspreeklike voorreg en genade om God te ken! Om die pad na God Drie-enig te ken! Om te weet hoe en waar om genade, vergifnis, redding, genesing, hulp in en deur Christus te vind! Om die liefde van God ons Vader te ken en om die geloofwerkende krag en teenwoordigheid van die Heilige Gees te ondervind!

Wat ’n wonderlike genade dat ons God van kleins af mag leer ken! Die afgelope fokustydperk het ons geleer dat dit die vrug is om in ’n gelowige huisgesin gebore te word en ouers te hê wat jou aan God voorstel en jou die pad na God leer! En dan om God self te ken en lief te hê!

En deel van hierdie voorreg is God se opdrag dat ons ook vir ander mense wat God nie ken nie, hierdie pad moet leer! Dat ons ander na God toe moet wys! Dat ons ook van kleins af moet leer en dat ons gesinslewe ook ’n ruimte is waar ons vir ander die pad na God wys!

Baie gelowiges is bang om met verlore (soekende) mense oor geloof te praat! Ons is bang want ons dink om getuienis te lewer behels dat ons ’n geweldige groot kennis van die Skrif moet hê en dit ingewikkeld uiteen moet kan sit. Dit is baie ver van die waarheid.

Nee geliefdes! Om getuienis te lewer is om verlore (soekende) mense bloot na God te wys. Hy sal hulle deur Christus tot geloof bring. Ons ken die pad en ons moet vir ander die pad na God wys.

(**Kinders):** Gelowige huisgesinne is soos **straatname** wat op bordjies langs die paaie opgesit word en wat mense kan volg om by God uit te kom! Vraag aan die kinders: Hoe het pappa vanmore geweet om by die kerkgebou uit te kom? Hy ken die pad! Hy kyk op die straatnaambordjies en dan weet hy: hier moet ek nou draai en so moet ek ry om by die kerk gebou uit te kom! **Jy is ook so ’n straatnaambordjie wat mense die pad na God toe moet wys! (foto)**
Ons as gemeente is ‘n huisgesin wat die pad na Christus toe moet wys (2 slide)

Brs en srs, hierdie waarheid openbaar die Here vandag deur ’n klein dogtertjie, wat in verskriklike omstandighede leef, en wat vir haar siek eienaar sê: Ek weet waar jy gesond kan word! Sy wys vir Naäman hoe om by God uit te kom en gered te word!

Waar het sy van God geleer? Sy is ’n dogtertjie uit ’n gelowige huisgesin in Israel! Sy het by haar pappa en mamma van God geleer! Hulle het haar vertel van die wonderwerke wat God deur Elisa, God se profeet, doen! Hulle het haar geleer dat God enige iets kan doen en dat sy op God kan vertrou vir enige iets in haar lewe!

En kyk vir ’n oomblik na haar lewe! Waar sit sy? Sy is ’n slaaf in ’n vreemde land! Sy is deur Naäman ontvoer uit Israel en na Damaskus geneem waar sy in Naäman se huis moes werk! ’n Klein dogtertjie – jonger as twaalf jaar - bevind haar in die huis van die vyande van Israel – die Arameërs - ongelowige en wrede mense!
(Kinders – laat die dogtertjies jonger as twaalf jaar opstaan – kyk hoe jonk was sy!)
In stukkende omstandighede! Weg van pa en ma en die liefde van ’n huisgesin! Weg van haar land en haar kerk! Tussen vreemde mense wat ’n vreemde taal praat! Daar werk sy soos ’n bediende!

Maar wat is haar gesindheid? Wat leef in haar hart! Eerder: Wie leef in haar hart? Die Here en sy liefde! In plaas daarvan om haar te verlekker in die feit dat haar baas – die kinderontvoerder - ’n verskriklike siekte het en dat hy baie swaar kry, **kry sy hom jammer en wys sy vir hom die pad na genesing! Meer nog, sy wys hom die pad na ewige redding! Dit is wat mense doen wat God en sy liefde ken!**

Brs en srs, gebroke huislike omstandighede, slegte politieke en ekonomiese omstandighede is nie ’n rede om ander mense te haat en vir hulle die slegte toe te wens nie! Nee! **Dis juis die geleentheid om van God te getuig!** Dis juis die omstandighede wat God skep sodat ek vir verlore mense die pad na Hom kan wys!
Ons lees in Handelinge 8: 4 dat die gelowiges uit Jerusalem moes vlug vir hulle lewe as gevolg van vervolging– slegte omstandighede! Maar wat lees ons nog? So ver as hulle gevlug het, het hulle van God getuig!

Die omstandighede in jou huis, dalk 0gebroke en sleg, die omstandighede in ons land – polities baie sleg en ekonomies op die rand van ’n afgrond – is nie die tyd – om te sê: julle wou my moes ontvoer – laat dit nou maar met julle sleg gaan nie! Gaan nou maar dood aan julle melaatsheid nie! **Nee, dis nou die tyd om na die pad na God te wys! Dit nou die tyd dat ons van God getuig –want ons redding – ook ons land se redding lê in God!**

Hoekom wil die Here dat ons nou van Hom moet getuig? Hoekom moet ons vir slegte mense van God vertel! **Want God werk lankal in hulle**! Ons lees in vers 1 dat **God aan Naäman roemryke oorwinnings gegee het**! **God het verlore mense lief en voor jy of ek nog iets gesê of gedoen het, is God lank reeds met sy Gees in mense se lewe besig om hulle voor te berei!**

Om watter ander rede sou Naaman – die groot en roemryke generaal van die Arameërs – die woorde van ’n klein dogtertjie glo? Jy sou seker kon sê dat hy desperaat was – soos enige siek mens - desperaat enige iets sal doen om gesond te word! Maar dis meer as dit! Die res van die verhaal bevestig dat God met hom besig was! Dat God Naaman wou red!

Ja, dis God wat mense red! Ons wys hulle slegs die pad! Hulle lees ons soos straatname wat die pad na God wys! God red verlore mense! Ons kan hulle nie red nie!

Naaman het gedink dat redding deur mense kom! Daarom was hy verskriklik verontwaardig toe Elisa nie eers uit sy huis kom om hom te ontmoet en met groot menslike vertoon die genesing bewerkstellig nie! Nee, bloot maar die opdrag: gaan was jou in die Jordaan en jy sal gesond word!

God wil dat ons in Hom moet glo! Dat ons moet glo dat ons redding kom deur geloof in wat God doen! Die groot generaal moet glo soos ŉ kind! Soos die dogtertjie wat hom die pad gewys het! Hy moet net glo en God gehoorsaam**! En die oomblik toe Hy dit doen – word Hy gesond! Meer nog! Hy word nie net gesond nie! Hy word gered van die hel! Hy word ŉ kind van God!**

Omdat hy geglo het, word sy sonde afgewas deur die bloed van Christus. Die opdrag om hom te was in die water van die Jordaan was die teken wat heenwys na die bloed van Christus wat ons sonde afwas! Naaman ontvang baie meer as wat hy verwag het! Hy leer ken God in sy liefde, genade en vergifnis! Hy leer ken God wat enige kan doen – ook sy melaatsheid kan genees! Maar meer nog: vir hom die ewige lewe gee!

Daarom kom hy in vers 15 tot die belydenis: daar is geen ander God as die God van Israel nie! So ontvang God die eer! En dit is die doel van ons bestaan! Dit is waarom ons van God moet getuig! Dit is waarom God ons naamborde gemaak het waarmee mense die pad van God kan vind! Sodat God geëer kan word!

Geliefdes, God red mense deur Jesus Christus
Eeue later sou Johannes die mense in dieselfde Jordaanrivier doop! Ook Jesus het na hom gegaan sodat Johannes Hom kon doop! En dan wys Johannes die doper met sy vinger na Jesus en sê: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! En sodra Jesus klaar gedoop was kom daar ŉ stem uit die hemel wat sê: Jy is my geliefde seun, oor jou verheug Ek my!

Geliefde br. en sr, liewe kinders, is jy ook bly dat jy Jesus mag ken? Is jy ook bly dat God vir jou die pad gewys het en dat jy die pad na God deur Jesus Christus ken?
Dan gee God vir jou vanmore twee naambordjies om jou te **herinner om dankbaar te** wees! Hy gee twee tekens wat jou na Christus wys: brood en wyn! Twee padtekens om jou terug te lei na Jesus en wat Hy vir jou gedoen om jou hart met dankbaarheid te vul dat jy God ken!

Miskien is jy vanmore op ŉ plek in jou lewe waar jy ŉ bietjie verlore geraak het! Waar jy dalk nodig het dat iemand net weer vir jou die pad na God se liefde in

Christus wys! Miskien is jy moedeloos, dalk is jy bang of bekommerd! Dalk wonder jy oor jou en jou gesin se toekoms! Dalk is jy bang en bekommerd oor ons land en die omstandighede waarbinne ons is! **Vir jou gee die Here dan vanmore ook twee padtekens terug na Hom – brood en wyn – twee tekens om jou weer met krag, troos en liefde te vul** sodat jy nie slagoffer van jou omstandighede word nie – maar soos die dogtertjie in Naaman se huis – jou omstandighede gebruik om vir ander die pad na God te wys!

Geliefdes, die brood en wyn word ook vanmore vir ons gegee om ons aan ons Vader se opdrag te herinner: julle is my padtekens, julle is die straatnaamborde wat Ek in die wêreld gesit het om vir ander die pad te wys! Kom ons wees dan in ons huisgesinne en as huisgesin van God mens wat van God getuig – mense wat ander die pad na God wys sodat hulle ook kan sê: nou weet ons dat daar net een ware God is – Vader, Seun en Heilige Gees

Kom ons wys dan vir mens na God en Hy sal hulle in Christus red!

Amen

Sing Lied 485: 2, 3 (Staande)